**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Maandag 15 Mei 1978 | WINDHOEK | Monday 15 May 1978 | No. 3749

INHOUD: *BLADSY*

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 31 Proklamasie op Padvervoer, 1978 ....... 1

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**

No. AG. 16 Wysiging van Vervoergebied van Plaaslike Padvervoerraad, Windhoek ............. 2

CONTENTS: *Page*

**PROCLAMATION:**

No. AG. 31 Road Transportation Proclamation, 1978 1

**GOVERNMENT NOTICE:**

No. AG. 16 Alteration of Transportation Area of Local Road Transportation Board, Windhoek .. 2

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 2 Mei 1978)*

No. AG. 31 1978

INTREKKING VAN WETGEWENDE BEVOEGDHEID VAN OWAMBO-WETGEWENDE RAAD MET BETREKKING TOT MOTORTRANSPORT EN TOEPASSING VAN WET OP PADVERVOER, 1977 (WET 74 VAN 1977), IN OWAMBO

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN,
Administrateur-generaal Windhoek, 11 Mei 1978

BYLAE

*Herroeping van Goewermentskennisgewing R.1738 van 24 September 1976*

1. Goewermentskennisgewing R.1738 van 24 September 1976 word hierby herroep en word met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie geag nie uitgevaardig te gewees het nie.

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 2 May 1978)*

No. AG. 31 1978

ABOLITION OF LEGISLATIVE POWERS OF OWAMBO LEGISLATIVE COUNCIL IN RELATION TO MOTOR CARRIER TRANSPORTATION AND APPLICATION OF ROAD TRANSPORTATION ACT, 1977 (ACT 74 OF 1977), IN OWAMBO

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN,
Administrator-General Windhoek, 11 May 1978

SCHEDULE

*Repeal of Government Notice R.1738 of 24 September 1976*

1. Government Notice R.1738 of 24 September 1976 is hereby repealed and shall with effect from the date of commencement of this Proclamation be deemed not to have been issued.

*Toepassing van Wet op Padvervoer, 1977, in Owambo*

2. (1) Die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), is, behoudens die bepalings van subartikel (2), in Owambo van toepassing met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie.

(2) By die toepassing van genoemde Wet op Padvervoer, 1977, in Owambo —

(a) word 'n verwysing na die datum van inwerkingtreding van daardie Wet uitgelê as 'n verwysing na die datum van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie; en

(b) hou 'n plaaslike transportgebied en 'n plaaslike padvervoerraad in artikel 48(1) van genoemde Wet bedoel wat onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie bestaan, vanaf dié datum op om te bestaan.

*Kort titel*

3. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Padvervoer, 1978.

*Application of Road Transportation Act, 1977, in Owambo*

2. (1) The Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), shall, subject to the provisions of subsection (2), apply in Owambo with effect from the date of commencement of this Proclamation.

(2) In the application of the said Road Transportation Act, 1977, in Owambo —

(a) a reference to the date of commencement of that Act shall be construed as a reference to the date of commencement of this Proclamation; and

(b) a local transportation area and a local road transportation board referred to in section 48(1) of the said Act existing immediately before the commencement of this Proclamation, shall cease to exist as from that date.

*Short title*

3. This Proclamation shall be called the Road Transportation Proclamation, 1978.

## Goewermentskennisgewing

Kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 16 1978

WYSIGING VAN VERVOERGEBIED VAN PLAASLIKE PADVERVOERRAAD, WINDHOEK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), wysig ek hierby die Bylae by Proklamasie 334 van 1948, soos gewysig deur Proklamasies 99 van 1950, 55 van 1951, 100 van 1953, 250 van 1953, 199 van 1954, 141 van 1956, 199 van 1956, 242 van 1958, 141 van 1961, 28 van 1963, 43 van 1964, 334 van 1964, 330 van 1970, 66 van 1976 en 205 van 1976, deur in die omskrywing van gebied 17 na die uitdrukking "Outjo" die uitdrukking "Owambo" in te voeg.

M. T. STEYN,
Administrateur-generaal Windhoek, 11 Mei 1978

## Government Notice

Office of the
ADMINISTRATOR GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 16 1978

ALTERATION OF TRANSPORTATION AREA OF LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD, WINDHOEK

Under the powers vested in me by section 2 of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), I hereby amend the Schedule to Proclamation 334 of 1948, as amended by Proclamations 99 of 1950, 55 of 1951, 100 of 1953, 250 of 1953, 199 of 1954, 141 of 1956, 199 of 1956, 242 of 1958, 141 of 1961, 28 of 1963, 43 of 1964, 334 of 1964, 330 of 1970, 66 of 1976 and 205 of 1976, by the insertion in the definition of area 17 after the expression "Outjo" of the expression "Owambo".

M. T. STEYN,
Administrator-General Windhoek, 11 May 1978